



Luvo: 'Ek jag 9 m'

Hy het g'n stres, 'net vreugde in sport'

Marizanne Kok

Hy is baie trots op wat hy vanjaar bereik het, sê die verspring-superster Luvo Manyonga - maar dit is net die begin.

Manyonga het die media Saterdagoggend by die O.R. Tambo-lughawe te woord gestaan nadat hy die afgelope twee weke in Londen en Zürich onderskeidelik die wêreldtitel en Diamantligakroon gewen het. Hy is die hele jaar nie geklop nie en het agt van 2017 se tien verste spronge gelewer.

"Ek sal nog baie goed wees," het Manyonga gesê op 'n vraag oor sy toekoms. "Wat julle nou gesien het, is net 'n proesel van die ware Luvo, ons begin nou eers. Ek belowe julle, volgende jaar gaan ek op 'n heel ander vlak wees. En die jaar daarna ook en die jaar daarna. Ek wil die eerste ou wees wat 9 m in die verspringput haal, en ek sal, dit gaan gebeur."

Manyonga het in die loop van die jaar die Suid-Afrikaanse rekord verbeter tot 8.65 m, en sy gemiddeld vir sy tien voorste spronge van die seisoen was 8.52 - beter as die ou rekord van 8.50 wat al byna agt jaar agter Khotso Mokoena se naam gestaan het.

Die wêreldrekord is 8.95, en is opgestel in 1991, die jaar waarin Manyonga gebore is. Hy sal dit oortref, sê hy, maar hy is nie



Luvo Manyonga, wêreldkampioen in die verspring, en sy afrigter, Neil Cornelius (links), gister op die O.R. Tambo-lughawe.

| FOTO: SYDNEY SESHIBEDI/GALLO IMAGES

haastig nie.

"Ek het dié seisoen 8.70 gejaag, en natuurlik ook gedroom van die wêreldrekord, maar daar het 'n punt gekom dat ek aan myself moes erken dit gaan nie gebeur as ek myself te hard druk en te veel daarop fokus nie. So lank ek myself geniet, sal dit gebeur," het hy gesê.

"Ek is nie obsessief oor die rekord nie, want as al my fokus daarop is, gaan ek dalk ander be-

langrike goed, wat my afrigter en my span vir my sê om te doen, vergeet. Ek spring steeds, ek is steeds gesond. En volgende jaar is nog 'n jaar om die doelwitte te bereik, waarby ek nie vanjaar uitgekom het nie."

Benewens die bestendigheid waarmee Manyonga al tien sy laaste kompetisies gewen het, was dit ook opmerklik dat hy pret gehad het terwyl hy deelgeneem het. Daar het gereeld 'n

glimlag op sy gesig geflits, en nadat hy die wêreldtitel in Londen gewen het, het hy dit gevier deur 'n sandangel in die put te maak.

Dis alles vir die kinders wat na hom opkyk, het hy gesê.

"In Zürich was daar drie seuntjies wat vyf ure lank gery het om te kom kyk hoe ek deelneem. Ek wil 'n rolmodel vir jongelinge soos hulle wees. Dis hoekom ek lawwe goed doen op die podium of sandengele in die put maak -

om te vermaak en te wys daar is vreugde in sport. Ek het geen stres nie, net vreugde. Ek wil vir mense wys daar is lewe ná donker tye."

Die donker tye waarna die 26-jarige atleet verwys, is die stryd wat hy jare lank teen die dwelm tik gevoer het. Sedert hy in 2014 van dié duivel ontsnap het en by die Tuks-atletiekklub aangesluit het, het Manyonga van krag tot krag gegaan - met die Olimpiese

silwermedalje wat hy verlede jaar verower het as die eerste bewys dat dit agter hom is.

"Vir ander mense sal dit (sy eertydse tikprobleem) altyd iets wees wat hulle met my assosieer, maar dit beteken ook ek kan 'n voorbeeld wees. My verlede sal altyd daar wees, maar ek gebruik dit as motivering om aan te hou groei. Ek wil hê mense daar buite moet sien hoe ek dit gebruik as aansporing."

